# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 607 Cape Town, Kaapstad, 8 January 2016 No. 39585


## THE PRESIDENCY

No. 19 8 January 2016

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 14 of 2015: Medicines and Related Substances Amendment Act, 2015**

## DIE PRESIDENSIE

No. 19 8 Januarie 2016

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 14 van 2015: Wysigingswet op Medisyne en Verwante Stowwe, 2015**

9 771682 584003 39585

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 24 December 2015)*

# ACT

**To amend the Medicines and Related Substances Act, 1965, so as to define certain expressions and to delete or amend certain definitions; to provide for the objects and functions of the Authority; to provide for the composition, appointment of chairperson, vice-chairperson and members, disqualification of members, meetings and committees of the Board of the Authority; to require the Minister to consult with the Pricing Committee when prescribing acceptable and prohibited acts in relation to bonusing; to replace the word "products" with the word "medicines" and expression "Scheduled substances" in order to correctly reflect the subject matter of the said Act; and to effect certain technical corrections; and to provide for matters connected therewith.**

**BE IT ENACTED** by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 101 of 1965, as substituted by section 1 of Act 65 of 1974 and amended by section 1 of Act 17 of 1979, section 1 of Act 20 of 1981, section 1 of Act 94 of 1991, section 1 of Act 49 of 1996, section 1 of Act 90 of 1997, section 1 of Act 59 of 2002 and section 1 of Act 72 of 2008**

**1.** Section 1 of the Medicines and Related Substances Act, 1965 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of ''advertisement'' of the following definition:

'' **'advertisement'**, in relation to any **[product]** medicine, Scheduled substance, medical device or IVD, means any written, pictorial, visual or other descriptive matter or verbal statement or reference—

*(a)* appearing in any newspaper, magazine, pamphlet, electronic media (including radio and television) or other publication;

*(b)* distributed to members of the public; or

*(c)* brought to the notice of members of the public in any manner whatsoever,

which is intended to promote the sale of that **[product]** medicine, Scheduled substance, medical device or IVD, and **'advertise'** has a corresponding meaning;'';

*(b)* by the deletion of the definition of ''advisory committee'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui weglatings uit bestaande wetgewing aan.

________ Woorde onderstreep met 'n vol streep dui invoegings in bestaande wetgewing aan.

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 24 Desember 2015)*

---

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf en sekere omskrywings te skrap of te wysig; vir die oogmerke en werksaamhede van die Owerheid voorsiening te maak; voorsiening te maak vir die samestelling, aanstelling van voorsitter, ondervoorsitter en lede, onbevoegdheid van lede, vergaderings en komitees van die Bestuur van die Owerheid; te vereis dat die Minister met die Pryskomitee oorleg pleeg by die voorskryf van aanvaarbare en verbode handelinge in verband met bonusgewing; die woord "produkte" met die woord "medisynes" en uitdrukking "gelyste stowwe" te vervang ten einde die onderwerp van die genoemde Wet korrek weer te gee; en om sekere tegniese verbeterings aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 101 van 1965, soos vervang deur artikel 1 van Wet 65 van 1974 en gewysig deur artikel 1 van Wet 17 van 1979, artikel 1 van Wet 20 van 1981, artikel 1 van Wet 94 van 1991, artikel 1 van Wet 49 van 1996, artikel 1 van Wet 90 van 1997, artikel 1 van Wet 59 van 2002 en artikel 1 van Wet 72 van 2008**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "advertensie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'advertensie'**, met betrekking tot 'n **[produk]** medisyne, gelyste stof, mediese toestel of IVD, enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende stof of mondelinge verklaring of verwysing—

*(a)* wat in 'n nuusblad, tydskrif, pamflet, elektroniese media (met inbegrip van radio of televisie) of ander publikasie verskyn;

*(b)* wat onder lede van die publiek versprei word; of

*(c)* wat op enige wyse hoegenaamd onder die aandag van lede van die publiek gebring word,

en wat bedoel is om die verkoop van daardie **[produk]** medisyne, gelyste stof, mediese toestel of IVD te bevorder, en het **'adverteer'** 'n ooreenstemmende betekenis;";

*(b)* deur die omskrywing van "advieskomitee" te skrap;

*(c)* by the insertion after the definition of ''Authority'' of the following definition:

'' **'Board'** means the Board referred to in section 2;'';

*(d)* by the deletion of the definition of ''cosmetic'';

*(e)* by the deletion of the definition of ''foodstuff'';

*(f)* by the substitution for the definition of ''IVD'' of the following definition:

'' '**IVD**' *(in vitro* **[*diagnostic medical device*]** diagnostic) means a medical device, whether used alone or in combination, intended by the manufacturer for the **[in-vitro]** *in vitro* examination of specimens derived from the human body solely or principally to provide information for diagnostic, monitoring or compatibility purposes;'';

*(g)* by the substitution for the definition of ''medicine'' of the following definition:

'' '**medicine**'—

*(a)* means any substance or mixture of substances used or purporting to be suitable for use or manufactured or sold for use in—

(i) the diagnosis, treatment, mitigation, modification or prevention of disease, abnormal physical or mental state or the symptoms thereof in humans; or

(ii) restoring, correcting or modifying any somatic or psychic or organic function in humans; and

*(b)* includes any veterinary medicine;'';

*(h)* by the substitution for the definition of ''medical device'' of the following definition:

'' '**medical device**' means any instrument, apparatus, implement, machine, appliance, implant, **[*in vitro*]** reagent **[or calibrator]** for *in vitro* use, software, material or other similar or related article, including Group III and IV Hazardous Substances contemplated in the Hazardous Substances Act, 1973 (Act No. 15 of 1973)—

*(a)* intended by the manufacturer to be used, alone or in combination, for **[human beings]** humans or animals, for**[—]** one or more of the following:

(i) diagnosis, prevention, monitoring, treatment or alleviation of disease;

(ii) diagnosis, monitoring, treatment, alleviation of or compensation for an injury;

(iii) investigation, replacement, modification or support of the anatomy or of a physiological process;

(iv) supporting or sustaining life;

(v) control of conception;

(vi) disinfection of medical devices; or

(vii) providing information for medical or diagnostic purposes by means of *in vitro* examination of specimens derived from the human body; and

*(b)* which does not achieve its primary intended action **[in or on the human body]** by pharmacological, immunological or metabolic means, in or on the human or animal body, but which may be assisted in its intended function by such means;'';

*(i)* by the deletion of the definition of ''product''; and

*(j)* by the insertion after the definition of ''veterinary medicine'' of the following definition:

'' '**vigilance**', in relation to a medicine, medical device or IVD, means the continuous monitoring and evaluation of its safety, efficacy and performance profile and the management of any risk throughout its life-cycle.''.

5

*(c)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''as geneesmiddel'' in te voeg:

'' **'Bestuur'** die Bestuur in artikel 2 bedoel;'';

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''inspekteur'' in te voeg:

'' **'IVD'** *(***[***in vitro***-diagnosties mediese toestel]** ***in vitro*****-diagnosties**) 'n mediese toestel, ongeag of dit alleen of in kombinasie gebruik word, wat deur die vervaardiger bedoel is vir die *in vitro*-ondersoek van eksemplare verkry van die menslike liggaam uitsluitlik of hoofsaaklik om inligting te verskaf vir diagnostiese, moniterings- of versoenbaarheidsdoeleindes;'';

*(e)* deur die omskrywing van ''mediese toestel'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'mediese toestel'** enige instrument, apparaat, implement, masjien, toestel, inplant, **[***in vitro***-]**reagens **[of kalibreerder]** vir *in vitro*-gebruik, sagteware, materiaal of ander soortgelyke of verwante artikel, ook Groep III- en IV- Gevaarhoudende Stowwe beoog in die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet No. 15 van 1973)—

*(a)* wat deur die vervaardiger bedoel is vir gebruik, alleen of in kombinasie, vir mense of diere by**[—]** een of meer van die volgende:

(i) die diagnose, voorkoming, monitering, behandeling of leniging van siektes

(ii) die diagnose, monitering, behandeling of leniging van of vergoeding vir 'n besering;

(iii) die ondersoek, vervanging, verandering of ondersteuring van die anatomie of van 'n fisiologiese proses;

(iv) ondersteuning of onderhoud van lewe;

(v) die beheer van konsepsie;

(vi) die disinfektering van mediese toestelle; of

(vii) die verskaffing van inligting vir mediese of diagnostiese doeleindes deur middel van *in vitro*-ondersoek van eksemplare wat van die menslike liggaam verkry is; en

*(b)* wat nie sy primêre beoogde werking op 'n farmakologiese, immunologiese of metaboliese wyse in of op die menslike of dierlike liggaam bereik nie maar wat in sy beoogde werking op so 'n wyse aangehelp kan word.'';

*(f)* deur die omskrywing van ''medisyne'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'medisyne'—**

*(a)* enige stof of mengsel van stowwe wat gebruik word of geskik heet te wees vir gebruik of vervaardig of verkoop word vir gebruik by—

(i) die diagnose, behandeling, leniging, magtiging of voorkoming van siektes, abnormale liggaamlike of geestelike toestande of die simptome daarvan by die mens; of

(ii) genesing, regstelling of matiging van enige somatiese of psigiese of organiese funksie by die mens; en

*(b)* ook enige veterinêre medisyne;'';

*(g)* deur die omskrywings van ''produk'', ''skoonheidsmiddel'' en ''voedselmiddel'' te skrap; en

*(h)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''voorgeskrewe'' in te voeg:

'' **'waaksaamheid'**, in verband met 'n medisyne, mediese toestel of IVD, voortgesette monitering en onderrig oor die veiligheid, doeltreffendheid en werkverrigtingsprofiel daarvan en die bestuur van enige risiko regdeur sy lewensiklus;''.

**Amendment of section 2 of Act 101 of 1965, as substituted by section 2 of Act 72 of 2008**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Establishment[, powers and functions] of South African Health Products Regulatory Authority**";

*(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The South African Health Products Regulatory Authority is hereby established as an organ of state within the public administration but outside the public service."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(5) The Authority acts through its Board.".

**Insertion of sections 2A to 2I in Act 101 of 1965**

**3.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 2:

"**Objects of Authority**

**2A.** The objects of the Authority are to provide for the monitoring, evaluation, regulation, investigation, inspection, registration and control of medicines, Scheduled substances, clinical trials and medical devices, IVDs and related matters in the public interest.

**Functions of Authority**

**2B.** (1) The Authority must, in order to achieve its objects—

*(a)* ensure the efficient, effective and ethical evaluation or assessment and registration of medicines, medical devices and IVDs that meet defined standards of quality, safety, efficacy and performance, where applicable;

*(b)* ensure that the process of evaluating or assessing and registering medicines, medical devices and IVDs is transparent, fair, objective and concluded timeously;

*(c)* ensure the periodic re-evaluation or re-assessment and monitoring of medicines, medical devices and IVDs;

*(d)* ensure that evidence of existing and new adverse events, interactions, information with regard to post-marketing surveillance and vigilance is being monitored, analysed and acted upon;

*(e)* ensure that compliance with existing legislation is being promoted and controlled through a process of active inspection and investigation; and

*(f)* ensure that clinical trial protocols are being assessed according to prescribed ethical and professional criteria and defined standards.

(2) The Authority may—

*(a)* liaise with any other regulatory authority or institution and may, without limiting the generality of this power, require the necessary information from, exchange information with and receive information from any such authority or institution in respect of—

(i) matters of common interest; or

(ii) a specific investigation; and

*(b)* enter into agreements to co-operate with any regulatory authority in order to achieve the objects of this Act.

7

**Wysiging van artikel 2 van Wet 101 van 1965, soos vervang deur artikel 2 van Wet 72 van 2008**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Instelling[, bevoegdhede en werksaamhede] van Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte**";

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte word hierby ingestel as 'n staatsorgaan binne die openbare administrasie, maar buite die staatsdiens."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Die Owerheid tree deur sy Bestuur op.".

**Invoeging van artikels 2A tot 2I in Wet 101 van 1965**

**3.** Die volgende artikels word hierby na artikel 2 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Oogmerke van Owerheid**

**2A.** Die oogmerke van die Owerheid is om voorsiening te maak vir die monitering, evaluasie, regulering, ondersoek, inspeksie, registrasie en beheer van medisynes, gelyste stowwe, kliniese toetse en mediese toestelle, IVD's en verwante aangeleenthede in die openbare belang.

**Werksaamhede van Owerheid**

**2B.** (1) Die Owerheid moet, ten einde sy oogmerke te bereik—

*(a)* die doeltreffende, effektiewe en etiese evaluasie of assessering en registrasie van medisynes, mediese toestelle en IVD's wat aan omskrewe standaarde van gehalte, veiligheid, effektiwiteit en werkverrigting, waar van toepassing, voldoen, verseker;

*(b)* verseker dat die proses van evaluasie of assessering en registrasie van medisynes, mediese toestelle en IVD's deursigtig, billik, objektief en betyds afgehandel word;

*(c)* die periodieke herevaluasie of herassessering en monitering van medisynes, mediese toestelle en IVD's verseker;

*(d)* verseker dat bewyse van bestaande en nuwe nadelige gebeure, wisselwerkings, inligting oor waarneming en waaksaamheid ná bemarking gemonitor, geanaliseer en gebruik word;

*(e)* verseker dat voldoening aan bestaande wetgewing bevorder en beheer word deur 'n proses van aktiewe inspeksie en ondersoek; en

*(f)* verseker dat kliniese-proeweprotokolle volgens voorgeskrewe etiese en professionele maatstawwe en omskrewe standaarde geassesseer word.

(2) Die Owerheid kan—

*(a)* met enige ander reguleringsowerheid of -instelling skakel en kan, sonder om die algemeenheid van sy bevoegdheid te beperk, die nodige inligting vereis van, inligting uitruil met en inligting ontvang van enige sodanige owerheid of instelling ten opsigte van—

(i) aangeleenthede van gemeenskaplike belang; of

(ii) 'n bepaalde ondersoek; en

*(b)* ooreenkomste aangaan om met enige reguleringsowerheid saam te werk ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

8

**Composition of Board**

**2C.** (1) The Board of the Authority consists of not less than 10 but not more than 15 members appointed by the Minister.

(2) Subject to section 2D, the Minister must appoint as members of the Board—

*(a)* not more than 10 persons who have expertise in the fields of medicine, medical devices, IVD, vigilance, clinical trials, good manufacturing practice, public health or epidemiology;
*(b)* one person on account of his or her knowledge of the law;
*(c)* one person on account of his or her knowledge of good governance;
*(d)* one person on account of his or her knowledge of financial matters and accounting;
*(e)* one person on account of his or her knowledge of information technology; and
*(f)* one person on account of his or her knowledge of human resource management.

(3) The Chief Executive Officer is by virtue of his or her office a member of the Board but with no voting rights.

**Appointment of members of Board**

**2D.** (1) The Minister must, before appointing the members contemplated in section 2C(2), by notice in the *Gazette* and in two or more nationally circulating newspapers in the Republic, invite all interested persons to nominate, within the period specified in the notice, persons who in the opinion of such interested persons are fit to be so appointed, stating the grounds upon which such opinion is based.

(2) If the Minister receives no nominations or an insufficient number of nominations within the period specified in the notice referred to in subsection (1), the Minister may either readvertise or, in any other transparent manner, appoint the required number of qualified persons in terms of this Act.

(3) Subject to section 2F, a member of the Board—

*(a)* holds office for a minimum period of three years, but not exceeding five years, determined by the Minister at the time of the appointment of the member; and
*(b)* is eligible for re-appointment for one additional term.

(4) A member of the Board, excluding a member who is in the full-time employment of the State, must be appointed on such conditions as the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, determine.

**Appointment of chairperson and vice-chairperson of Board**

**2E.** (1) The Minister must appoint a chairperson and vice-chairperson of the Board from among the members contemplated in section 2C(2).

(2) Whenever the chairperson of the Board is absent or unable to perform his or her functions as chairperson, the vice-chairperson must act as chairperson and if the vice-chairperson is absent or unable to act as chairperson the Minister must designate another member of the Board to act as chairperson until the chairperson or vice-chairperson is available.

(3) Any person acting as chairperson of the Board in terms of subsection (2) has all the powers and duties of the chairperson.

9

**Samestelling van Bestuur**

**2C.** (1) Die Bestuur van die Owerheid bestaan uit minstens 10, maar hoogstens 15 lede deur die Minister aangestel.

(2) Behoudens artikel 2D, moet die Minister as lede van die Bestuur aanstel—

*(a)* hoogstens 10 persone met kundigheid in die velde van medisyne, mediese toestelle, IVD, waaksaamheid, kliniese proewe, goeie vervaardigingspraktyk, openbare gesondheid of epidemiologie;
*(b)* een persoon op grond van sy of haar regskennis;
*(c)* een persoon op grond van sy of haar kennis van goeie bestuur;
*(d)* een persoon op grond van sy of haar kennis van finansiële aangeleenthede en rekenpligtigheid;
*(e)* een persoon op grond van sy of haar kennis van inligtingstegnologie; en
*(f)* een persoon op grond van sy of haar kennis van mensehulpbronbestuur.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is 'n lid van die Bestuur uit hoofde van sy of haar amp, maar het nie stemreg nie.

**Aanstelling van lede van Bestuur**

**2D.** (1) Die Minister moet, voor aanstelling van die lede in artikel 2C(2) beoog, by kennisgewing in die *Staatskoerant* en in twee of meer koerante met nasionale sirkulasie in die Republiek, alle belanghebbende persone nooi om binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, persone te benoem wat na mening van sodanige belanghebbende persone geskik is om so aangestel te word, met die redes waarop sodanige mening gegrond is.

(2) Indien die Minister geen of te min benoemings binne die tydperk in die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, ontvang nie, kan die Minister heradverteer of, op enige ander deursigtige wyse, die vereiste getal gekwalifiseerde persone ingevolge hierdie Wet aanstel.

(3) Behoudens artikel 2F—

*(a)* beklee 'n lid van die Bestuur die amp vir 'n minimum tydperk van drie jaar, maar hoogstens vyf jaar, bepaal deur die Minister ten tyde van die aanstelling van die lid; en
*(b)* kwalifiseer 'n lid van die Bestuur vir heraanstelling vir een bykomende termyn.

(4) 'n Lid van die Bestuur, met uitsondering van 'n lid wat voltyds in diens van die Staat is, moet op sodanige voorwaardes aangestel word wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

**Aanstelling van voorsitter en ondervoorsitter van Bestuur**

**2E.** (1) Die Minister moet 'n voorsitter en ondervoorsitter van die Bestuur uit die geledere van die lede in artikel 2C(2) beoog, aanstel.

(2) Wanneer die voorsitter van die Bestuur afwesig is of nie as voorsitter kan optree nie, moet die Minister 'n ander lid van die Bestuur aanwys om as voorsitter waar te neem totdat die voorsitter of ondervoorsitter beskikbaar is.

(3) Iemand wat ingevolge subartikel (2) as voorsitter van die Bestuur waarneem, het al die bevoegdhede en pligte van die voorsitter.

**Disqualification from membership of Board and vacation of office**

**2F.** (1) A person may not be appointed as a member of the Board if that person—

*(a)* is not a South African citizen and ordinarily resident in the Republic;
*(b)* is an unrehabilitated insolvent;
*(c)* has at any time been convicted of an offence involving dishonesty, whether in the Republic or elsewhere, and sentenced to imprisonment without the option of a fine; or
*(d)* has been removed from an office of trust.

(2) A member of the Board must vacate office if—

*(a)* he or she becomes disqualified in terms of subsection (1), from being appointed as a member of the Board;
*(b)* he or she submits his or her resignation to the Minister in writing;
*(c)* he or she is declared by the High Court to be of unsound mind or mentally disordered or is detained under the Mental Health Care Act, 2002 (Act No. 17 of 2002);
*(d)* he or she has, without the leave of the Board, been absent from more than two consecutive meetings of the Board; or
*(e)* the Minister, after consultation with the Board, withdraws the appointment of that member because the member is incompetent or unfit to fulfil his or her duties.

(3) If a member of the Board dies or vacates office in terms of subsection (2), the Minister may, subject to section 2D, appoint a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the period for which that member was appointed.

**Meetings of Board**

**2G.** (1) The meetings of the Board and the conduct of business at meetings must be determined by the rules of the Board.

(2) A quorum for a meeting of the Board is the majority of its voting members.

(3) A decision of the majority of the members of the Board present at any meeting constitutes a decision of the Board and, in the event of an equality of votes, the member presiding at the meeting has a casting vote in addition to his or her deliberative vote.

(4) A decision taken by the Board or an act performed under the authority of the Board is not invalid by reason only of a vacancy on the Board, or that a person who is not entitled to sit as a member of the Board sat as a member at the time when the decision was taken or the act was authorised, if the decision was taken or the act was authorised by the requisite majority of the members of the Board who were present at the time and entitled to sit as members.

(5) Minutes of the proceedings of every meeting of the Board must be prepared and stored by such means as may be determined by the Board.

(6) Minutes of the proceedings of each meeting must be submitted at the next meeting of the Board and, if passed as correct, must be confirmed by the signature of the chairperson or other member presiding thereat and may, when so confirmed, be evidence in a court of law of the proceedings of the first-mentioned meeting.

(7) In the absence of the chairperson or the person acting as the chairperson from a particular meeting of the Board, the members present at that meeting may elect one of their number to preside at that meeting.

**Committees of Board**

**2H.** The Board may appoint one or more committees from among its members to assist it with the performance of its functions.

**Onbevoegdheid vir lidmaatskap van Bestuur en ontruiming van amp**

**2F.** (1) 'n Persoon mag nie as 'n lid van die Bestuur aangestel word nie as daardie persoon—

*(a)* nie 'n Suid-Afrikaanse burger is wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie;
*(b)* 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
*(c)* te eniger tyd skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is of aan 'n ander misdryf waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is; of
*(d)* van 'n vertrouensamp onthef is.

(2) 'n Lid van die Bestuur moet die amp ontruim indien—

*(a)* hy of sy ingevolge subartikel (1) onbevoeg word om as 'n lid van die Bestuur aangestel te word;
*(b)* hy of sy, sy of haar bedanking skriftelik by die Minister inhandig;
*(c)* hy of sy deur die Hooggeregshof as geestelik onbevoeg of geestesversteurd verklaar word of kragtens die 'Mental Health Care Act', 2002 (Wet No. 17 van 2002), aangehou word;
*(d)* hy of sy sonder verlof van die Bestuur van meer as twee opeenvolgende Bestuursvergaderings afwesig was; of
*(e)* die Minister, na oorleg met die Bestuur, die aanstelling van daardie lid intrek omdat die lid onbevoeg of ongeskik is om sy of haar pligte te verrig.

(3) Indien 'n lid van die Bestuur sterf of die amp ingevolge subartikel (2) ontruim, kan die Minister, behoudens artikel 2D, 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor daardie lid aangestel is.

**Vergaderings van Bestuur**

**2G.** (1) Die vergaderings van die Bestuur en die verrigtinge by vergaderings moet deur die reëls van die Bestuur bepaal word.

(2) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Bestuur is die meerderheid van sy lede met stemreg.

(3) 'n Besluit van die meerderheid van die lede van die Bestuur teenwoordig by enige vergadering is 'n besluit van die Bestuur en, in die geval van 'n staking van stemme het die lid wat oor die vergadering voorsit benewens sy of haar beraadslagende stem, ook 'n beslissende stem.

(4) 'n Besluit deur die Bestuur geneem of 'n handeling wat onder die gesag van die Bestuur uitgevoer is, is nie ongeldig bloot omdat daar 'n vakature op die Bestuur is nie, of omdat 'n persoon wat nie die reg het om as lid van die Bestuur te sit nie, as 'n lid van die Bestuur gesit het toe die besluit geneem is of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem is of die handeling gemagtig is deur die vereiste meerderheid van die lede van die Bestuur wat op daardie tydstip teenwoordig was en geregtig was om as lede te sit.

(5) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering van die Bestuur moet voorberei word en op die wyse wat die Bestuur kan bepaal, geberg word.

(6) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering moet by die volgende vergadering van die Bestuur voorgelê word en moet, indien dit as korrek aanvaar word, deur die handtekening van die voorsitter of ander lid wat oor die vergadering voorsit, bevestig word en kan, nadat dit aldus bevestig is, getuienis in 'n geregshof wees van die verrigtinge by die eersgenoemde vergadering.

(7) Indien die voorsitter of die persoon wat as voorsitter waarneem van 'n bepaalde vergadering van die Bestuur afwesig is, kan die teenwoordige lede by daardie vergadering iemand uit hul geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

**Komitees van Bestuur**

**2H.** Die Bestuur kan een of meer komitees vanuit die geledere van sy lede aanstel om die Bestuur by te staan in die verrigting van die Bestuur se werksaamhede.

**Dissolution of Board**

**2I.** (1) The Minister may dissolve the Board if the Minister, on good cause shown, loses confidence in the ability of the Board to perform its functions effectively and efficiently.

(2) The Minister may dissolve the Board only—

*(a)* after having given the Board a reasonable opportunity to be heard; and
*(b)* after having afforded the Board a hearing on any submissions received.

(3) If the Minister dissolves the Board, the Minister—

*(a)* may appoint an administrator to take over the functions of the Board and to do anything which the Board might otherwise be empowered or required to do by or under this Act, subject to such conditions as the Minister may determine; and
*(b)* must, as soon as it is feasible but not later than three months after the dissolution of the Board, replace the members of the Board in the same manner in which they were appointed.

(4) The costs associated with the appointment of an administrator shall be for the account of the Authority.

(5) The appointment of the administrator terminates when the Board members have been replaced in terms of section 2C(2).''.

**Amendment of section 3 of Act 101 of 1965, as substituted by section 3 of Act 72 of 2008**

**4.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
''(1) The **[Minister]** Board, after consultation with the Minister, must appoint a suitably qualified person as the Chief Executive Officer of the Authority.'';
*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:
''*(b)* is appointed subject to the conclusion of a performance agreement with the **[Minister]** Board;
*(c)* is accountable to and reports to the **[Minister]** Board;''; and
*(c)* by the substitution for subsection (9) of the following subsection:
''(9) The Chief Executive Officer shall, in consultation with the Board, appoint committees, as he or she may deem necessary, to investigate and report to the Authority on any matter within its purview in terms of this Act.''.

**Repeal of section 4 of Act 101 of 1965**

**5.** Section 4 of the principal Act is hereby repealed.

**Substitution of section 13 of Act 101 of 1965, as substituted by section 6 of Act 72 of 2008**

**6.** The following section is hereby substituted for section 13 of the principal Act:

''**Registers**

**13.** (1) The Chief Executive Officer shall keep separate registers for **[products]** medicines, medical devices or IVDs **[;]**, in which he or she shall record—

*(a)* the registration of **[products]** medicines, medical devices or IVDs by the Authority; and
*(b)* such particulars in regard to the **[products]** medicines, medical devices or IVDs and the holder of certificate of registration in respect of such **[products]** medicines, medical devices or IVDs as are required by this Act.

13

**Ontbinding van Bestuur**

**2I.** (1) Die Minister kan die Bestuur ontbind indien die Minister, by die aanvoer van goeie gronde, vertroue verloor in die vermoë van die Bestuur om sy werksaamhede doeltreffend en effektief te verrig.

(2) Die Minister kan die Bestuur slegs ontbind—

*(a)* nadat die Bestuur 'n redelike kans gegun is om aangehoor te word; en

*(b)* nadat die Bestuur aangehoor is oor enige vertoë wat ontvang is.

(3) Indien die Minister die Bestuur ontbind—

*(a)* kan die Minister 'n administrateur aanstel om die werksaamhede van die Bestuur oor te neem en om enigiets te doen wat die Bestuur andersins deur of kragtens hierdie Wet gemagtig of vereis kon wees om te doen, behoudens die voorwaardes wat die Minister kan bepaal; en

*(b)* moet die Minister, sodra dit haalbaar is maar nie later nie as drie maande na die ontbinding van die Bestuur, die lede van die Bestuur vervang op dieselfde wyse waarop hulle aangestel is.

(4) Die uitgawes wat met die aanstelling van 'n administrateur gepaard gaan is vir die rekening van die Owerheid.

(5) Die aanstelling van die administrateur eindig wanneer die Bestuurslede ingevolge artikel 2C(2) vervang is.''.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 101 van 1965, soos vervang deur artikel 3 van Wet 72 van 2008**

**4.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die **[Minister]** Bestuur, na oorleg met die Minister, stel 'n gepas gekwalifiseerde persoon aan as die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Owerheid.'';

*(b)* deur in subartikel (4) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(b)* word aangestel onderhewig aan die aangaan van 'n prestasie-ooreenkoms met die **[Minister]** Bestuur;

*(c)* is aanspreeklik teenoor en doen verslag aan die **[Minister]** Bestuur;''; en

*(c)* deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

''(9) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, in oorleg met die Bestuur, na goeddunke komitees aanstel om na enige aangeleentheid binne sy funksionele terrein ingevolge hierdie Wet ondersoek in te stel en daaroor aan die Owerheid verslag te doen.''.

**Herroeping van artikel 4 van Wet 101 van 1965**

**5.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van artikel 13 van Wet 101 van 1965, soos vervang deur artikel 6 van Wet 72 van 2008**

**6.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Registers**

**13.** (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet afsonderlike registers hou vir **[produkte]** medisynes, mediese toestelle of IVD's, waarin hy of sy moet aanteken—

*(a)* die registrasie van **[produkte]** medisynes, mediese toestelle of IVD's deur die Owerheid; en

*(b)* die besonderhede rakende die **[produkte]** medisynes, mediese toestelle of IVD's en die houer van 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van sodanige **[produkte]** medisynes, mediese toestelle of IVD's wat by hierdie Wet vereis word.

(2) The Chief Executive Officer shall publish on the Authority's website the registers referred to in subsection (1) and update those registers when registration is obtained.''.

**Amendment of section 14 of Act 101 of 1965, as substituted by section 7 of Act 72 of 2008**

**7.** Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

